CLF MONITOR
Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za
VOL: 11 Lente 2010

Kinders geniet Bybelverhale

Dit was vir CLF 'n wonderlike geleentheid om vroeër vanjaar deel te wees van die bekendstelling van die pragtige Kinderbybel, *God se kinders - Verhale uit die Bybel* geskryf deur emeritus aartsbiskop Desmond Tutu. CLF het dié publikasie in samewerking met Lux Verbi uitgegee.

Die positiewe terugvoering dui reeds daarop dat die Kinderbybel, beskikbaar in ses tale, 'n handige middel in die geloofsopvoeding van kinders is.

Uit Citrusdal laat weet Elna Burger dat haar dogter met plaaskinders werk en dat sy met groot vrug *God se kinders* gebruik.

En sy is nie die enigste een nie. Van oral oor kom die goeie nuus dat kinders bereik word met hierdie eenvoudige boodskap.

Met Kersfees op hande is hierdie boek die ideale Kersgeskenk. Met die *Koop-'n-Bybel-borg-'n-Bybel-projek* (R100) is dit 'n wonderlike geleentheid om nie net in 'n kind naby aan jou se Kerskous hierdie lewegewende boodskap te sit nie, maar ook in die hande van 'n kind wat dit andersins nie kan bekostig nie. *God se kinders* kan ook individueel aangekoop word teen R69.95.

Annaline Loubser van Citrusdal lees vir 'n groepie plaaskinders voor uit God se Kinders - verhale uit die Bybel.

CLF het die droom om een miljoen Bybels aan een miljoen kinders te gee en aartsbiskop Tutu het reeds met groot opgewondenheid sy steun aan hierdie projek gegee. Bekende persoonlikhede soos Annie Malan, Toks van der Linde en Soli Philander het ook reeds hul stem by die projek gevoeg.

Vat hande met CLF en help ons om hierdie droom 'n werklikheid te maak. Jy kan 'n verskil in 'n kind se lewe maak vir so min as R50!

Vir meer inligting stuur 'n e-pos aan info@clf.co.za of vul die meegaande pamflet in en ondersteun sodoende die een miljoen Bybels vir een miljoen kinders projek.

Met Kersfees om die draai, hoekom maak jy nie twee kinderharte bly met CLF se *Koop 'n Bybel - Borg 'n Bybel projek* nie. Vir slegs R100 ontvang jy nie net jou eie kopie nie, maar borg jy ook 'n kopie vir nog 'n kind! Sien ingeslote voubiljet.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

1 miljoen Bybels vir kinders

ONDERSTEUNING: Annie Malan is baie opgewonde oor hierdie projek en sê: "Ek kry uit my geloof aanmoediging, geluk, hoop, selfbeeld, integriteit en sukses, maar bowenal die grootste en onselfsugtigste vorm van liefde".



EEN MILJOEN BYBELS PROJEK - Christelle Vorster (Bedryfshoof van CLF) verduidelik aan aartsbiskop Desmond Tutu hoe CLF die projek gaan hanteer.

GROOT GESELS - Prof Piet Meiring, 'n beheerraadslid gesels met aartsbiskop Desmond Tutu oor die pragpublikasie en die moontlikhede dat soveel kinders 'n Bybel in hul moedertaal kan ontvang.

CRECHES ONTVANG BYBELS: Tydens die NGK Parow-Welgelegen se uitreik is daar Kinderbybels, *God se kinders - Verhale uit die Bybel* aan twee crèches oorhandig. Dit was Shiloh Ministries van Manenberg en Tehillah Community Collaborative in Elsiesrivier. Nou kan nog meer kinders van Jesus se liefde leer op hierdie kleurvolle manier.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Kom stap saam bring baie vreugde

Op die plaas Mooirivier, deel van die Howbill-groep in die Ceres-distrik lees Magrieta Pedro vir die kleinspan uit *Kom stap saam*. Daar is 'n ooreenkoms met die werknemers aangegaan om weekliks 'n bedrag te verhaal van hul loon om die koste van dié boekies te verhaal. Suzette van Dyk van die Howbill-groep noem ook dat sy ander plaasvroue en -eienaars by haar Bybelstudiegroep uitgedaag het om dieselfde met hul werknemers te doen. Die Bybel is met ope hande en harte ontvang in die kinders se moedertaal en die mammas het laat weet wat die kinders te sê gehad het. Lees meer onder.



Terugvoering

Die kinders geniet dit baie om te luister na die boekie. Dit is wonderlik om vir hulle te vertel van die boekie en waar die sonde vandaan kom. Ek leer vir hulle baie, ek het drie kinders. Ek sal graag nog een wil hê, want my een kind maak of dit net hare is. - Anna Anthas

Die kinders geniet dit baie om van Jesus te luister. Dit is 'n wonderlike boekie vir die kinders. Baie dankie. - Berenice Kruger

Die seun geniet die Bybel baie, hy herinner my elke aand om te lees, hy wil graag vir Jesus ontmoet, want die man is baie goed. Hy vra baie vrae, en hy geniet die verhale baie. Hy is ses jaar oud. - Susanna Robert

Baie opgewonde gewees en elke stukkie moes twee keer oorgelees word. Is baie interessant met die prentjie by. - Mary Anthas

Kinders was baie opgewonde oor boek, my kind kan nog nie self lees nie, maar is mal oor die prentjies en ek moet elke aand vir hom lees. Die gebed en vrae na die stories maak dit interessant. My ouer seun in die hoërskool lees ook party aande vir die kleintjie stories uit die boek. - Regina Goliath

My kind (3) is so opgewonde oor die boekie dat hy dit elke oggend saam crèche toe neem. - Karin Titus

My kind (5) gaan slaap nie saans voordat daar nie vir hom uit die boekie gelees word nie. Hy geniet dit baie en die prente is vir hom baie leersaam. - Marie Kamfer

Sy (3) sit baie stil wanneer daar gelees word, vat somtyds self die boekie en deur te kyk na die prentjies in die boekie lees sy sommer vir haar self en ek baie opgewonde daaroor. - Yolandi Willemse

Vind dit baie interesant en vertel die verhaal van Daniël in die leeukuil net soos dit is. Hy (5) vra baie vrae en die boekie is vir hom so kosbaar dat niemand daaraan moet vat nie, net sy ma. Wil weet hoekom het sy pa Adam se naam. - Carmen Davids

Hy (11) neem die boekie saam skool toe en het sy ma belowe as hy die boekie klaar gelees het, hy vir haar paragrawe gaan skryf van die boekie. Juffrou by die skool ook baie opgewonde. - Florina Fransman

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Here, laat u koninkryk kom.
U sê in u Woord u koninkryk is
soos ’n kosbare pêrel,
en soos ’n skat wat onder die grond lê.
Die een wat die pêrel ontdek,
verkoop alles om die pêrel te kan koop.
Die een wat die skat onder die grond ontdek,
verkoop alles en koop die land
waarin die skat begrawe lê.
U koninkryk is ook soos ’n mosterdsaadjie,
soos suurdeeg.
Die klein mosterdsaadjie ontkiem,
en dit word ’n groot boom waarin voëls kan nes maak.
Die klein bietjie suurdeeg deursuur die groot skottel deeg.
Só sal u koninkryk hier op aarde uitbrei, Here.
Help my om my deel te doen
om die oes vir U in te samel.
Amen.

MOTORFIETSRYERSSAAMTREK: André Kruger van Secunda laat weet: “Ek wil net weer dankie sê vir pamflette wat ons ontvang het om onder die motorfietsryers te versprei tydens die saamtrek. Daar was om en by 240 plus sonder die kinders. Die Here was groot en ja, as mens na Sy stem luister en doen wat Hy wil dan sal ons die vrugte pluk van die saad wat gesaai word. God seën julle!

VGK STREEKSINODE: CLF het by dié sinode ’n uitstalling gehou met die kleurvolle publikasies en pamflette. Daar was groot belangstelling onder die sowat 700 sinodegangers. Die hulpmiddels in veral die vorm van preekbundels is goed ontvang en daar is heelwat daarvan verkoop. Beatie Rickers (CLF Administratiewe beampte - regs) het die uitstalling hanteer.

WIE IS HIERDIE DONATEURS? CLF ontvang op ’n gereelde basis donasies wat nie geïdentifiseer kan word nie. Gevolglik kan ons nie hierdie donateurs bedank nie. Elke bydrae maak ’n groot verskil en ons is opreg dankbaar daarvoor en daarom wil ons graag elke donateur persoonlik bedank. Maak dus asb seker dat u volle naam en telefoonnommer as verwysing op die depositostrokie verskyn. Dui aan DON vir donasie of PAM vir pamflette. Indien moontlik, faks dit vir ons deur na 021 864 3678.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Pamflette ideale hulpmiddel in uitreike

NGK Patmos het tydens die Wêreldbeker Sokker 'n uitreik gehou en laat weet dat dit nie net 'n geseënde uitreik was nie, maar dat almal wat betrokke was dit ook baie geniet het.

Rina Liebetrau laat weet: "Ons het 'n kiosk gehad waar ons gratis koffie en botteltjies water bedien het, asook die gratis literatuur beskikbaar gestel het. Spanne het ook in die strate literatuur uitgedeel en met mense gesels. Ons het meestal met plaaslike mense kontak gehad en het gevind dat hulle baie ontvanklik vir die Evangelie is. 'n Span van 20 jong mense van Moreletta Park Gemeente asook 'n span van O.M. het saam met ons gewerk. Ons vertrou dat die Here, "wat die goeie werk in hulle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom."

Nogmaals dankie vir die puik literatuur wat ons ontvang het, sonder julle kon ons dit nie aanpak nie.

Nuwe pamflette in uitgebreide reeks

CLF het splinternuwe pamflette tot die reeks bygevoeg. Ander is ietwat hersien en met 'n nuwe baadjie weer op die rak geplaas en daar is ook ou staatmakers wat nou in verskillende tale beskikbaar is. *Ek was skaam en bang* **is gemik op kinders om hul te leer hoe om oor Jesus te getuig. Die Afrikaanse weergawe is hersien en met nuwe illustrasies opgekikker en ook vertaal in Engels.** *Hoe om geestelik te groei* **is pragtig verwerk deur ds André van Niekerk en word reeds met baie positiewe terugvoering gebruik.** *Here leer ons bid*, *Nagmaal* **en** *Tiener of Mamma* **is drie splinternuwe pamflette oor dié temas waaroor ons so dikwels navraag kry.** *Kersfees is 'n Christusfees* **is nou beskikbaar in Afrikaans, Engels, Sotho, Tswana en Xhosa.**

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Finansiële terugvoering: Maart 2009 - Februarie 2010



Gedurende die jaar is daar 1,136,000 pamflette gedruk en net minder as 1 miljoen pamflette is versprei.

Uit ons Possak

Baie dankie vir die mooi briefie, dis wonderlik om te lees wat julle alles doen, julle kan net geseën word. Baie dankie ook vir Bybelstudiegidsboekie. Ek waardeer dit baie. EL

Baie dankie vir die baie mooi boekie met die waardevolle boodskappe en gebede wat 'n mens so hoop gee vir elke dag. Mag ons liewe Heer u seën en behoed en moed gee vir elke dag. ADW

Ek was onlangs op pad Kaap toe - wat 'n avontuur en uitdaging was dit vir my om alleen die lang N1 aan te pak met my beste vriend, Jesus. Al geselsend ry ons twee. Ek het my sak met die pragtige pamflette in my motor gesit en waar mense op die pad gewerk het, het ek gestop en die nag in gestap. God het my so bewaar. Elke voertuig wat ek besoek het was die mense vriendelik en dan het ek ook vir hulle gebid. Dan het ek ook by padwerkers gestop en dan neem ek weer my Vader se hand en gaan bid vir hulle. Hoe honger was die vriende vir God se Woord in die koue wintersnag. Dit is vir my so heerlik om ons Vader se woord uit te dra na alle volke en tale. Mag God alle werkers se harte en gebede hoor. Ek dank u vir u bydrae om my werk maklik te maak. Mag ons Vader u ryklik seën. God maak my drome waar. Elke dag is 'n vreugde vir my! HE

Dankie dat julle so mooi na die kindertjies omsien. MvdB

Ingesluit is 'n bedraggie vir die wonderlike werk wat julle doen. CQ

Ek het die vorige pamflette wat ek ontvang het by 'n vriend in die gevangenis afgegee om te versprei en hulle is geweldig bly daaroor. Die Here het werklik vir my 'n deur oopgemaak om die mense in die gevangenis te bereik en ek dank Hom daarvoor. Wat die pamflette betref wil ek u bedank vir die uitstekende werk en kwaliteit. Mens kry sommer lus vir lees! MM

Baie dankie vir "Here leer ons bid." Al die leesstof wat ek ontvang gebruik ek as leesstukke in ons gemeente en selgroepe. Daar is baie honger siele wat dit nie kan bekostig om geestelike leesstof te koop nie. Wees verseker ons bid gereeld vir julle. EK

U doen baie belangrike werk om die Woord te verspei in watter manier ook al. Ek bid elke oggend in my stiltetyd vir u verspreiding asook Sy seën daarop. Soos u kan aflei van die ouderdom is ek 'n pensionaris en ek sluit 'n R30 in, al is dit net 'n druppel in die oseaan. So graag sou ek meer wou stuur - die sondaar wat die Evangelie moet ontvang vir redding, lê swaar op my gemoed. JR

Beste JR. Ons ontvang verskeie bydraes van donateurs wat amper verskonend en beskeie hul R10, R20 of R30 aanbied as donasie. Hier by CLF maak ons geen onderskeid tussen 'klein' en 'groot' donasies nie. Elke "druppel in die oseaan" maak dit vir ons moontlik om reeds 53 jaar met hierdie belangrike werk voort te gaan. - Red

REGTE INLIGTING? CLF het met die aanvang van 2010 na 'n nuwe datastelsel opgradeer en moet nou alle inligting kontroleer. Ons wil u dus vriendelik versoek om, indien u persoonlike inligting verander het of in die toekoms verander, ons onmiddellik in kennis te stel sodat ons dit op die stelsel kan aanpas. Later vanjaar sal u 'n inligtingsvorm ontvang waarop ons u sal versoek om u inligting soos wat dit op ons stelsel verskyn, te kontroleer. Ons vra verskoning indien dit u enige ongerief veroorsaak en vra dat u asb geduldig met ons sal wees.